

---

---

## Heb 1:1-3: God se finale spreke (2)

No. E298

---

---

**D**ie gelowiges vir wie die Hebreërskrywer skryf, se Christenskap stel groot eise aan hulle en hulle oorweeg nou om terug te draai na Ou Testamentiese seremonies. Duidelik verstaan hulle nie dat 'n seremoniële soort godsdiens nie maar bloot 'n alternatiewe manier is om die saligheid te beërf nie, maar dat dit 'n rugdraai op Jesus Christus, en dus 'n versaking is van ewige verlossing is.

Dis waar, nog altyd kon ewige verlossing nêr in Christus verkry word. En dis waar dat reddende geloof in Hom Ou Testamenties tot uitdrukking gekom het in die gelowige en getroue instandhouding van die seremonies wat die Here voorgeskryf het - want dit alles het vooruitgewys na die komende Messias en Verlosser.

As die Messias Hom dan as die Lam van God laat slag, is dit die vervulling van die uitstaande Ou Testamentiese seremonie - die Ou Testamentiese offerdiens. Maar meteen is die kruisiging vervulling van al die Ou Testamentiese seremonies. En sedertdien kom saligmakende geloof tot uitdrukking in direkte geloofvertroue in Jesus Christus. Trouens, 'n voortgaande onderhouding van seremonies is nou 'n miskenning van Christus se volkome werk, selfs 'n minagting en verwerping daarvan. En as sodanig is dit 'n gruwelike en verdoemende doodsonde.

Dis die rede vir en verduideling van die skriewekende pastorale waarskuwings wat ons regdeur Hebreërs kry (Heb 2:1-4; 3:7-4:13; 5:11-6:12; 10:26-39; 12:12-29).

Die doel van die Hebreërbrief is dus pastoraal van aard. Die skrywer wil hierdie Joodse Christene tot hulle sinne roep deur die implikasies van hulle sotlike en noodlottige voorneme te verduidelik. Só wil hy hulle daarvan laat afsien. Onder geen omstandighede mag hulle Christus se volkome en volmaakte versoeningswerk geringskat nie!

Nee, 'n duisend maal, nee - God se verlossingsplan het in Sy Seun tot afrondende klimaks en vervolmaking gekom. Daarom troon die Nuwe Verbond ver bo die Ou Verbond uit. Mens kan mos nie terugdraai na die voetheuwels toe, as jou voete reeds op die kruin staan nie!

*God se openbaring het met die koms en optrede van Jesus Christus tot finale en kulminerende klimaks gekom.* Hy het opgehou om een na die ander profeet te stuur om profeties oor Hom te praat. Nee, nou het Hy self gekom en alles wat nodig is om oor Hom en Sy plan te weet, persoonlik aan ons gewys. Dis soos die skerp spits van 'n piramide. Al die lyne van die Ou Testament loop na hierdie punt toe. En 'n hoër openbaring as wat in die Seun gekom het, is net nie moontlik nie.

Die Hebreërskrywer verstaan dat mens die grootsheid van God se verlossingsplan slegs begryp tot die mate wat jy die heerlijkheid van Jesus Christus verstaan. Daarom toon Hy dat Christus ver uitroon bo die engele (2:1-18); dat Hy baie groter is as Moses (3:1-13) en vër uitstyg bo die Ou Testamentiese priesterskap.

## Nie afgeskeep nie, maar uitnemend begenadig

As ons eers regtig begin verstaan wie die Een is deur wie God Sy laaste woord tot die mensheid gespreek het - en steeds spreek - sal ons besef waarom ons in geen opsig afgeskeep hoef te voel omdat daar nie verdere openbaring van God se troon na ons toe kom nie. Hierdie finale en glasheldere woord van God - gespreek toe Sy eie Seun, Jesus Christus, mens geword het en onder ons kom woon het - is reeds 2000 jaar oud. Tog is dit tot vandag toe meer as genoegsaam. Diegene wat hierdie spreke verstaan, word lewenslank daardeur gefassineer, leer gou dat 'n leeftyd van studie nie genoeg is om dit te deurgrond nie, en is totaal vergenoegd daarmee. Hulle weet Jesus Christus is die helderste venster - eintlik die enigste - deur wie hulle die lewende God kan sien. En aangesien dit die *summum bonum* van hierdie lewe is om die lewende God te ken (Joh 17:3), lê God se spreke in Christus in die middelpunt van hulle lewens en hartstogte.

Min het hierdie waarheid beter verstaan as die Hebreërskrywer. En hy weet dat sy lesers, tot die mate wat hulle dit ook begryp, alle geneigdheid sal verloor om terug te draai na Ou Testamentiese seremonies. Dis waarom hy onmiddellik voortgaan om die duiselingwekkende heerlijkheid van Jesus Christus te besing. Die res van hierdie brief is trouens 'n voortsetting daarvan, maar hier in Hb1:2-3 word dit in ekstravorm vir ons gegee. En omdat die Heilige Gees uiteraard ook weet hoe dit werk, het Hy in Sy goedheid verseker dat dit in die tydlose Bybel vir ons opgeteken en vasgelê word.

## Die heerlikheid van die Seun (Heb 1:2-3)

In die lig van wie en wat Jesus Christus is, vervaag een na die ander Ou Testamentiese lig tot 'n dowwe skaduwee. Die openbaring wat deur iemand só verhewe kom, kan mos nie anders as om onbetwisbaar gesaghebbend, algeheel betroubaar, en onberekenbaar waardevol te wees nie. Vergelyk Hom met die profete - en dis so duidelik soos daglig dat die rykdomme van die Nuwe Testamentiese openbaring soos 'n hoë bergpiek bokant die Ou Testament uittoon. Meer nog, die gevolgtrekking is onontkombaar: *op geen wyse kon God ons méér begunstig, as om so 'n verhewe woord in so 'n verhewe Persoon tot ons te spreek nie.*

Luister dus aandagtig, sê die skrywer, en gee puntenerig gehoor!

*Wie is dan die Een deur wie God nou spreek?*

## Hy is die erfgenaam van alles.

Hy ontvang hierdie erfenis in Sy hoedanigheid as die Middelaar en Hoof van die nuwe skepping - as die mens Christus Jesus (1Tim 2:5). Dit is reeds aan Hom toegesê in die ewige raad van God en in die verlossingsverbond tussen die drie persone van die Goddelike Drie-eenheid. As die "laaste Adam" (1Kor 15:45) is Hy nie net wetlike eienaar van alles nie (Kol 1:16), Hy het ook regeringsvolmag daarvoor (Matt 28:18).

Die Messiaanse Psalm 2:8 is betekenisvol: "Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting." Sy erfenis uit die Vader se hand is dus in die eerste instansie 'n volk - 'n bruid - vanuit alle volke, nasies en

tale (Heb 2:8-13; Op 11:15).

## Deur Hom het God die wêreld gemaak.

Die Seun was God se agent deur wie die heelal geskep is. "Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie" (Jh 1:3). En: "God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep" (Kol 1:16).

Die spesifieke woord wat hier in Hb 1:2 met "wêreld" vertaal word (Gr. *aion*), is in die meervoud en dra ook die idee van tyd. Dit moet dus bes moontlik eerder met *eeue of bedelinge* vertaal word (vgl. Ampl). Christus is inderdaad die Here van die geskiedenis, die Een deur wie God Sy raadsplan uitwerk. Hy is "die Koning van die eeue" (1Tm 1:17, OAV).

## Uit Hom straal die heerlikheid van God.

Soos die son se ligstrale, is die mensgeworde Seun die uitstraling van God (2Kor 4:6). Die geheimenisvolle en wonderlike eenheid en samewerking tussen die Vader en Jesus Christus kan beswaarlik beter beskryf word. Net soos daar geen strale sonder die son sou wees nie, net so is die Seun ondenkbaar sonder Sy Vader. En net soos die son geen waarde vir ons sou hê as dit nie vir sy lewegewende strale was nie, net so sou ons bloedweinig van God die Vader kon weet, en sou Sy liefde niks vir ons beteken het, as dit nie vir die Seun was nie.

Tog is die son en die strale nie dieselfde nie

- net soos die Vader en die Seun onderskei moet word as twee verskillende Persone (Joh 5:17; 8:42).

Christus is dus die sigbare, heerlike verskyning van God in Sy majesteit. Sonder die son se uitstraling sou ons nie daarvan geweet het nie; sonder Christus was ons in die duisternis oor wie en wat God is. In die Seun openbaar God Homself.

## Hy is die ewebeeld van die wese van God.

Die woord wat met "ewebeeld" vertaal word, dui op die afgedrukte merk van 'n stempel of ring in seëllak. Al sien mens self nie die stempel nie, is die afdruk sel 'n baie getroue weergawe daarvan. In Jesus Christus kan ons dus die essensiële elemente van God se wese sien - van wie en wat Hy werklik is.

Volgens 1Tim 6:16 woon God in 'n ontoeganklike lig. Geen mens kan Hom sien en bly lewe nie. Maar volgens Kol 1:15 is die Seun die beeld van die onsigbare God. Ons kan nie na God toe opklom om Hom te bestudeer nie; ons is totaal afhanklik van Sy selfopenbaring aan ons. En dit hét Hy gegee - in Sy Seun, Jesus Christus!

En let op, dis van die *mensgeworde* Seun wat hierdie dinge gesê word! As ons hoogste roeping dan is om God te ken, behoort ons met alles daaraan te werk dat die Here Jesus meer en meer van ons blikveld vul.

## Hy hou alles dinge deur Sy magswoord in stand.

Die Seun was nie net God se agent tydens die skepping nie, Hy is ook die Een wat alles in

stand hou (Kol 1:17).

Die werkwoord dui op dinamiese handeling. Dit gaan dus nie net oor 'n passiewe en statiese verlening van steun nie, maar ook oor beweging, voortgang en doelgerigheid.<sup>1</sup> Die Seun handhaaf nie net die *status quo* nie, Hy is aktief, dinamies en progressief besig. Hy dra die heeal voort op sy koers - soos God dit verordineer het.

Dit alles doen Hy deur Sy magswoord; Hy dra alles deur Sy spreke. En nooit is hierdie spreke heerliker en kragtiger as in die vorm van die Evangeliewoord nie. Want hierdie woord skep nie net uit niks nie, dit skep vanuit die dood! Is die evangelie nie "'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo" nie (Rom 1:16)? Waarlik, God het "in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo" (1Kor 1:21). En is ware prediking nie die verkondiging van Christus nie? Daarom skryf Jakobus: God het ons "deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring" (1:18); en Petrus: "Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God" (1Pt 1:23).

Deur alle eeue word die ganse skepping, en in die besonder hierdie wêreld met al sy woelinge, voortgestu deur die wil en woord van sy Erfgenaam.

## Hy het die reiniging van sondes bewerkstellig.

Die werkwoord is in 'n vorm wat beklemtoon

---

1. Fritz Rienecker & Cleon Rogers, Linguistic Key to the New Testament, Zondervan, 1976, p.664.

dat die Seun sêlf ons sondes gereinig het<sup>2</sup>; Hy het geen minderwaardige plaasvervanger gebruik nie.

Verbysterend is dit dat iemand so onuitspreeklik verhewe en heerlik, Sy lewe neerlê sodat verwerplike sondaars gered kan word! Meer as in enigiets anders sien ons hierin God se essensiële karaktertrekke: Sy onkreukbare geregtigheid wat kompromieeloos daarop aandring dat alle sonde gestraf word; Sy onbeskryflike liefde wat dit moontlik maak dat Sy haters die teendeel kry van wat hulle verdien, naamlik genade; Sy onpeilbare wysheid wat Sy geregtigheid en Sy liefde so volmaak met mekaar kon versoen. Want in Christus se Golgota-offer sien ons God se geregtigheid en Sy liefde in intieme omhelsing.

## Hy het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.

Die Een wat in sulke dieptes van vernedering afgedaal het, wat Homself verneder het deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem, en tot in die dood gehoorsaam was, is deur God tot die hoogste eer verhef, en 'n Naam gegee wat bo elke naam is. Elkeen in die hemel en op aarde en onder die aarde sal die knie voor Hom buig. En elke tong sal erken dat Hy Jesus Christus, die Here is (Fil 2:6-11).

Dat Hy gaan "sit" het, dui op die afhandeling van Sy werk. As die Here Jesus aan die kruis uitroep, "Dit is volbring!" (Jh 19:30), proklameer Hy triomfantelik dat die regsbasis vir sondaars se redding onbeweeglik

---

2. Aoristus medium partisipium van *poieo*; Rienecker & Rogers, p.664.

en vir ewig in posisie geplaas is. Hy gaan sit dus in triomfantelike waardigheid. Die stryd is afgehandel, die prys is volledig betaal.

Dat Hy aan die "regterhand" van die Majesteit, die Vader, in die hoë hemel sit, dui op Sy uitvoerende gesag. Daarom, tot vandag toe, as 'n foto geneem word van 'n kabinet met sowel 'n seremoniële as 'n uitvoerende hoof (soos byvoorbeeld 'n Staatspresident en 'n Eerste Minister), sal laasgenoemde altyd aan die regterkant sit. Hy is immers die een wat van dag tot dag regeer.

Die Seun is tans dus die aktiewe regeerder. Deur die eeue ná Sy kruisoorwinning, werk Hy die implikasies daarvan uit. Hulle wat die Vader aan Hom toevertrou het, word kop vir kop vanuit die nasies gaan haal. En Sy vyande word een na die ander onderwerp - in hierdie genadetyd met herskeppingskrag. En as God se raadsplan sy volle loop geneem het, sal Christus weer die koningskap aan Sy Vader oordra. "So sal God alles wees vir alles" (1Kor 15:24, 28).

## Slot

Kom ons sluit af met 'n aanhaling van John Owen, die prins van Puriteinse teoloë: "Met betrekking tot die manifestasie van Christus se heerlikheid, moet drie dinge in ag geneem word: die skaduwee, die volmaakte beeld, en die uiteindelijke substansie. Diegene in die Ou Testament kon slegs die *skaduwee* van Christus se heerlikheid sien. Ons wat die evangelie het, het die volmaakte *beeld*. Maar die genieting van die *substansie* van Christus se rykdomme en heerlikheid, moet wag vir die hiernamaals - want dan sal ons by Hom wees en self die heerlikheid sien wat die Vader vir

Hom gegee het, omdat Hy Hom al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.<sup>3</sup>

*As die beeld so wonderlik is, hoedanig sal die substansie nie wees nie!*

### **Nico van der Walt**

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.  
E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za) ; Tel. 082 848 9396.
- Blogs: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met skakels na nóg 4 blogs)
- Gereeld word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

---

3. Vry vertaal uit I.D.E. Thomas, A Puritan Golden Treasury, The Banner of Truth Trust, p.44-45.